Een omgee-juffrou en Mind Moves® verander 'n kind se lewe

Na bywoning van Werkswinkels aangebied deur 'n Gevorderde Mind Moves Instrukteur, Igna du Plessis , Gevorderde Mind Moves Instrukteur , het 'n liefdevolle omgee-juffrou besluit sy wil 'n kind in haar klas help en het vir Igna gevra om die kind te assesseer. Gewapen met die Mind Moves wat Igna vir haar voorgeskryf het, het sy getrou die kind die Mind Moves oefeninge laat doen en met vreugde hierdie terugvoer gestuur:

Voor ons die Mind Moves program (Meimaand) met Berni begin het, was die volgende haar daaglikse roetine en agterstande:*

Sy is al 3 jaar by ons in die Kleuterskool, maar sy wou nog steeds nie sommige oggende uit haar ma se kar klim nie. Haar ma moes haar al huilende en skoppende in die juffrou se arms druk, totdat sy na 'n uur rustig geraak het.

Dan het Berni geweier om te groet of met enige iemand te praat. Soms het sy net op die vloer gelê en haar kop toegetrek.



As ons kuns moes doen, het sy gewoonlik als pikswart en heeltemal toe ingekleur of toegeverf sodat jy glad nie kan uitmaak wat dit is nie – tsv haar ouderdom van 6 jaar.

As ons knipwerk gedoen het, is alles in klein-klein stukkies versnipper wat sy dan agterna self in die asblik gaan weggooi het.

Sy het nog nie n idée van vorms of kleure gehad nie, al het sy al vir 3 jaar daarmee te doen gehad en daarvan geleer het en herhalend dit geproe en daaraan gevat het.

Sy het ook glad nie van enige kontak gehou nie – sy het altyd so ver as moontlik van haar juffrouens af gestaan of gesit.

Haar eetgewoontes was swak – als was vuil en bemors as Berni van haar tafel af opgestaan het. Sy wou en kon nie haar eie kosblik oopmaak nie en het gesukkel om haar goed weer terug te pak.

Sy kon en wou nie haar eie klere aan- en uittrek nie, ten spyte van haar sesjarige ouderdom.

Nadat Igna haar in April 2015 getoets het, moes sy eers uit haar oorlewingsbrein kom voor ons enigsins kon vorder. Verder was haar nekspiere ook baie swak.

Igna het aanbeveel om te begin met 'n Mind Moves program vir liggaams-bewustheid en kernversterking. Die oefeninge word 4x per week by die skool gedoen. Daar was geen ondersteuning van die huis af nie, so dis al tyd wat aan Berni bestee was.

Na 5 maande is die volgende hoe 'n tipiese dag van Berni verloop by die Kleuterskool:
Berni se mamma laai haar voor die skool af en ry. Berni lui die skool se klokkie of roep "juffrou maak oop". Sy kom in en bêre haar skooltassie. Soms kom gesels sy by juffrou of gaan speel met haar maatjies.

Speeltyd maak sy grappies met almal en wil graag borrels blaas.

Met sang en rympies sing sy uit volle bors en het tot een keer 'n gediggie alleen voorgedra voor die klas, foutloos.

Tussendeur vra sy of sy op juffrou se skoot kan sit of staan baie naby aan my, dan weet ek sy soek 'n drukkie.

Etenstyd maak sy self haar kosblik oop en toe en die eetgewoontes lyk effens beter. Daarna pak sy self haar goed terug en bêre self haar sak.

Gedurende kunsaktiwiteite gebruik sy al 'n ander kleur as net swart en mens kan darem die prentjie herken. Tot die knipwerk lyk al beter, als word nie meer opgesnipper nie.

Wat haar grootmotoriese vaardighede betref, kan ons die Mind Moves Massering al staande doen (sy het dit vir lank eers plat op die grond gedoen), sonder dat die arms gesak word. Die nek en kernspiere is ook al baie sterker.

Ons sukkel nog met op die hakke loop, maar selfs dit is al baie beter.

Ai, ek wens ons kon langer met Berni werk. Volgende jaar moet sy Graad R toe en al die juffrouens is nie vertroud met Mind Moves nie. Ons glo dit sal volgende jaarbaie goed met haar gaan .
Groete *Skuilnaam

Mei 2015

Junie 2015

Oktober 2015

November 2015